

Skrifgedeelte: Jeremia 51:1-10

Fokusgedeelte: Jeremia 51:1-10

Die wind van oordeel is ook God se bevryding

Is jy bang vir dele in die Bybel wat praat oor God se oordeel? Maak dit jou bang vir God? God verklaar hier sy oordeel oor Babel. Die eens magtige ryk wat sy mense verdruk het. Juis om sy mense te red, moet Hy oordeel. Daarin is sekerheid van bevryding van die wêreld en die bose wat my en jou verdruk.

- *Die verwoestende wind (vs 1-5)*

God stuur 'n verwoestende wind teen Babel, 'n metafoor van sy oordeel. Mense kom met oorlog en "skud" Babel in hierdie "wind", soos koring en kaf in die ou tyd van mekaar geskei is in die wind. Hierdie proses, die wind, verwoes terselfdertyd vir Babel, maar red Israel en Juda, hulle is nie alleen nie!

- *Die geregtigheid van God (vs 5-8)*

Israel se tyd in Babel was 'n tyd van straf, maar ook loutering en groei in die besef van hoe nodig hulle God het. Toe die stad aangeval is, was dit die dag toe hulle bevryding aangebreek het. Al het hulle baie alleen gelyk, was hulle nooit alleen nie – selfs in die oordeel. Dit is weens die versoeningswerk van Jesus Christus, eeue later, dat God hier bly by self ontroue mense.

- *Getuig van die redding (vs 10)*

As verlose gelowiges praat ons graag van God se verlossingswerk in Sion. Die kring waar God se kinders bymekaar is, die kerk. Hier gaan dit duidelik nooit oor óns geregtigheid nie, maar oor God wat in die oomblik van oordeel oor Satan aan die kruis ook ons bevry het. Sy oordeel maak ons nie meer bang nie, dit maak ons bly!

In die wind van God se oordeel is ook my onreg aan die kruis veroordeel. My vyand is veroordeel. As ek nou hoor van God se oordeel, maak dit my nie bang vir God nie, maar vol bewondering vir my bevryding.

Sing: Psalm 68-1:1 ,9

Dr. G (Griffel) van Wyk (Rustenburg)